



# Lede Nuusbriëf

DESEMBER 2025



## HOOGTEPUNTE VAN 2025

### Beste Lid

Terwyl 2025 einde se kant toe staan, gebruik ons graag hierdie geleentheid om terug te kyk op nog 'n jaar van groei, lesse en vordering vir die LA Aftreefonds en sy lede.

Dit was die eerste volle jaar van die **tweepot-aftreestelsel**. Ons gedetailleerde gidse, nuusflitse en video's het lede toegerus om ingeligte besluite oor hul spaarpot, onttrekkings en finansiële doelwitte vir die lang termyn te neem. Veral diegene wat tyd afgestaan het om die impak van die nuwe stelsel te verstaan en advies ingewin het voordat hulle tot enige aksie oorgegaan het, verdien lof.

Die Fonds kondig graag aan dat 'n **pensioenverhoging** van 4.0% aan al ons vastevoordeel-pensioenarisse en gepoelde annuïteit-pensioenarisse toegestaan is vanaf 1 Januarie 2026. Dit is hoër as die Fonds se Pensioenverhogingsbeleid van 100% van VPI. Benewens hierdie verhoging is 'n **pensioenarisbonus** van 100% van Desember 2025 se bruto maandelikse pensioen toegestaan. Dit is moontlik gemaak deur die sterk beleggingsopbrengs vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 en 'n gesonde surplus in die Pensioenarisrekening. Die **Fonds se gesonde finansiële posisie** het die Fonds in staat gestel om beide die verhoging en die bonus toe te staan sonder om sy finansiële posisie te benadeel. Die totale waarde van hierdie voordele is gelyk aan 'n verhoging van 167% van VPI tot Junie 2025. Dit weerspieël die Fonds se volgehoue sterk posisie en omsigtige bestuur.



Ons het ook met toewyding voortgegaan om ons lede te ondersteun deur verskeie sessies vir hulle aan te bied en maklik verstaanbare hulpbronne beskikbaar te stel wat help om soms ingewikkelde finansiële aspekte te ontsyfer. Die **Fonds se webblad en selfoon-app** bly belangrike hulpmiddels om toegang te kry tot inligting wat in verklarende video's en inligtingsgidse gegee word, asook toegang tot u voordeelstaat en vorms wat afgelaai kan word.

Ons kondig ook graag aan dat ons **videoreeks** (in ses aflewings) oor artikel 37C van die Pensioenfondswet (die wet wat bepaal hoe u Fondsvoordeel by sterfte verdeel moet word) nou as 'n volledige reeks beskikbaar is. Elke kort video dek 'n sleutelaspek van hierdie belangrike onderwerp – van die identifisering van afhanklikes tot 'n begrip van hoe voordele toegeken word. Die volledige reeks kan op die Fonds se webwerf by **“Videos/Fund Videos”** gekyk word.

Vanjaar kon lede ook via die Fonds se beveiligde lidportaal of die InTouch by Verso app toegang kry tot hul **voordeelstate soos op 30 Junie 2025**. Hierdie hulpmiddels maak dit vir u makliker as ooit om u aftreespaargeld te monitor en seker te maak dat u aftreeplanne op dreef is. Onthou asseblief om u **begunstigdebenoemingsvorm** gereeld by te werk. Hoewel die trustees die finale besluit neem oor hoe 'n sterftevoordeel verdeel word en aan wie dit toegeken word, help u vorm hulle om u wense in ag te neem.

Die Raad van Trustees het ook die bestuur van die Fonds met toewyding en integriteit voortgesit. Met die suksesvolle aansluiting van ons nuwe lidtrustee **mev Sweetlana Petersen** op 1 Januarie 2025 verteenwoordig die Fonds steeds die belange en stemme van ons lede. Die trustees bly onwrikbaar toegewyd om die Fonds se sterk beleggingsprestasie, mededingende voordele en omsigtige bestuurstoetsig te handhaaf.

Die Fonds het gedurende die jaar ook die herkiesing van **mev Michelle van Zyl** as 'n lidtrustee vir 'n verdere vyfjaartermyn vanaf 1 Januarie 2026 aangekondig. Ons wens Michelle geluk en sê vir haar baie dankie vir haar volgehoue toewyding en diens aan die Fonds en sy lede.

Wanneer ons 2026 betree, sal die Fonds steeds daarop fokus om toe te sien dat lede **maksimum waarde en duidelike kommunikasie** ontvang. U finansiële welstand bly ons hoogste prioriteit.

Ons sal eersdaags ons 2026-besoeke aan die verskillende munisipaliteite begin beplan en ons hoop om u volgende jaar te sien. Wees op die uitkyk vir ons pragtige **Fondskalender en skryfmat vir 2026** in die MH-kantore.

In hierdie nuusbrieff gesels ons met **Raadslid Solomon Philander**, een van ons gewaardeerde trustees. Hy gee hartgrondige insigte oor wat die LA Aftreefonds so besonders maak – van ons sterk bestuurstoetsig tot die wyse waarop ons waarde vir ons lede toevoeg. Dit is altyd inspirerend om te hoor hoe ons Fonds steeds 'n positiewe verskil maak in ons lede se lewe.

Die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) en die Omsigtighedsowerheid het **Gesamentlike Standaard 2 van 2024 oor Kuberveiligheid en Kuberveerkragtigheid** ingestel, wat sedert 1 Junie 2025 van krag is. Hierdie standaard sit die minimum vereistes uiteen vir hoe finansiële instellings – aftreefondse ingesluit – inligting moet beskerm, kuberrisiko's moet bestuur en bedryfsveerkragtigheid in die geval van 'n kuberrisident moet verseker.

Die LA Aftreefonds handhaaf al lank hoë standaarde ten opsigte van kuberveiligheid en databeskerming, as deel van sy normale werksaamhede. Die Fonds voldoen dus reeds aan die vereistes van bogenoemde met sy robuuste stelsels, voortgesette monitering en bestaande reaksieplanne om lede se inligting te beskerm en die volgehoue veerkragtigheid en stabiliteit van Fondswerksaamhede te verseker.

Die Fonds het ook gerusstelling van sy diensverskaffers verkry dat hulle aan die vereistes voldoen soos in bogenoemde Gesamentlike Standaard uiteengesit word.

Ons sal die Fonds se Jaarverslag vir 2024/2025 in die nuwe jaar begin opstel. Dit sal uitgereik word om en by die tyd van die Fonds se AJV in Mei 2026.



Mag hierdie vakansietyd vir u rus, vreugde en hernude optimisme gee vir die jaar wat voorlê. Ons wens lede wat reisplanne vir die vakansie het 'n veilige reis toe.

*"Don't think of saving money as a punishment. Think of saving money as a lifestyle change and a means to freedom."* – Emily G. Stroud

Vriendelike groete,

*Ilse Hartlief*

Hoofbeampte



## JAARLIKSE VOORDEELSTAAT

U voordeelstaat word jaarliks ná die Fonds se jaareinde op 30 Junie uitgereik, en dit gee u die geleentheid om na te gaan hoe goed u nog op koers is met u aftreespaarfonds. Besonderhede oor hoe om u voordeelstaat van 30 Junie 2025 af te laai is op **24 November 2025** aan u verskaf.

U voordeelstaat is 'n baie belangrike dokument, omdat dit vir u besonderhede gee van die groei in u lidbelang oor die afgelope jaar, asook inligting met betrekking tot die risikovooredele wat u gekies het. Ons het 'n video op die Fonds se webwerf gelaai waarin die besonderhede wat in u voordeelstaat vervat is, bespreek word. Die video is beskikbaar by "Videos/Fund Videos". U kan ook [hier](#) klik.

## RAADSLID SE SIENING: WAT DIE LA AFTREEFONDS VAN ANDER ONDERSKEI

Ná die Fonds se reël wysiging om toe te laat dat raadslede in die Raad van Trustees aangestel of tot die Raad verkies kan word én lede van die Fonds kan wees, het ons met trustee **Raadslid Solomon Philander** gesels oor wat vir hom belangrik is in 'n aftreefonds, en hoekom die **LA Aftreefonds** na sy mening anders is as ander fondse. Sy insigte bevestig opnuut ons lede se uitstekende keuse om by te dra tot 'n fonds wat deurentyd waarde en resultate lewer en met integriteit bedryf word.



**Watter kenmerke van die LA Aftreefonds onderskei dit van ander beskikbare opsies, na u mening?**

"Die LA Aftreefonds bestaan al lank in die plaaslike regering-omgewing en gee aan lede nommerpas voordele. Wat die LA Aftreefonds van ander onderskei, is dat 'n groter deel van elke rand wat bygedra word, in lede se aftrede belê word. Ek sien ander fondse wat miljoene rande aan beeldbou en promosie-artikels bestee – ten koste van die lede."

**Wat is belangrike oorwegings om 'n fonds te kies waarby u wil aansluit – en voldoen die LA Aftreefonds aan al daardie vereistes?**

"Die algehele prestasie in die portuurgroep. Die LA Aftreefonds word beskou as 'n klein fonds, maar dit lewer beter prestasie en voordele vir sy lede. Ek soek ook beter opsies by aftrede, soos die in-fonds lewende annuïteit en nou die bygevoegde lewensannuïteit-opsie, om my lewenslange belegging te beskerm."

**Hoekom is lidmaatskap van 'n kleiner fonds vir u aantreklik?**

"Grootte is nie wat saak maak nie. Dit gaan oor hoe die bestuurtoesig en bestuur van die beskikbare hulpbronne hanteer word. Die LA Aftreefonds het bewys dat hy lede se aftrede kan beveilig en die huidige fondse wat vir pensioenarisse beskikbaar is, behoorlik bestuur deur pensioene betyds te betaal, jaarlikse pensioenverhogings goed te keur en steeds 'n pensioenarisonus te betaal."



## Hoe belangrik is die Fonds se vorige en huidige beleggingsprestasie wanneer u besluite neem?

“Die Fonds se prestasiegeskiedenis gee 'n lid vertroue dat die Fonds goeie bestuurstoedig handhaaf en beskikbare bronne in lede se beste belang bestuur.”

## Hoekom dink u die LA Aftreefonds is die beste opsie om u aftrede te beveilig?

“Dit gaan oor Fondsprestasie oor die lang termyn en toegang tot 'n bekwame span wat jou kan help en vrae oor aftrede kan beantwoord. Die Fonds se beleggingsprestasie oortref ander fondse in sy portuurgroep danksy uitstekende diensverskaffers en volgehoue bestuurstoedig van die Raad, met 'n bekwame hoofbeampte.”

## Ten slotte

Raadslid Philander se perspektief beklemtoon wat baie lede reeds weet – dat die LA Aftreefonds se sterk bestuurstoedig, bestendige beleggingsprestasie en benadering om lede eerste te stel dit die regte keuse maak om met vertroue te kan aftree.



## SLIM GELDGEWOONTES VIR 2026

Noudat die jaar ten einde loop en die nuwe jaar om die draai is, is dit 'n goeie tyd om beheer oor u geldsake te neem en u geldbestuur met vertroue aan te pak. 'n Maandelikse begroting help u om te sien waarheen u geld gaan, vir prioriteite te beplan en bestendige vordering te maak met u finansiële doelwitte.

'n Paar klein gewoontetjies kan vir ons lede 'n groot verskil maak:

- **Betaal uself eerste** – sit spaargeld opsy voordat u geld uitgee.
- **Monitor wat u bestee** – selfs klein daaglikse uitgawes soos wegneemkoffie elke dag kan vinnig 'n groot bedrag word.
- **Hersien u uitgawes** – bestudeer u bankstate om te sien waar u kan besnoei. Het u al daardie stromingsdienste nodig? Oorweeg om tussen hulle te roteer, om elke maand meer te spaar.
- **Beplan vir ongereelde uitgawes** – soos motordienste, voertuiglisensies of jaarlikse koste soos u TV-lisensie.
- **Bestudeer u betaalstrokie** – verstaan aftrekkings en maak seker dat bydraes en aftrekkings korrek is.
- **Verminder leefstydruk** – wanneer u 'n verhoging kry, spaar liever 'n deel daarvan in plaas van om alles uit te gee.
- **Neem u eie kos werk toe** – dis gesonder en heelwat goedkoper as daaglikse wegneemkos.
- **Eet meer vars vrugte en groente** – hulle is voedsaam, bekostigbaar en help om u kruidentersbegroting te rek.
- **Stel korttermyn doelwitte** – soos om 'n winkelrekening af te betaal of vir 'n vakansie te spaar.
- **Kyk elke maand na u begroting** – en pas dit aan soos u inkomste of prioriteite verander.

'n Begroting gee u beheer, verminder stres en help sorg dat u geld u huidige behoeftes én u toekomstige aftreedoelwitte ondersteun.

## KANTOORURE GEDURENDE DIE FEESTYD

Die Fonds se instapsentrum, oproepsentrum en WhatsApp sal oor die feestyd van 08:00 tot 16:00 oop bly (naweke en openbare vakansiedae uitgesluit), behalwe Woensdag 24 Desember 2025 vanaf 12:30 en Vrydag 2 Januarie 2026, wanneer die kantore gesluit sal wees.

E-pos: [support@laretirementfund.co.za](mailto:support@laretirementfund.co.za)  
Tel: 021 943 5305

WhatsApp: 081 806 9959  
Instap: Belmont Office Park, Twiststraat, Bellville

## AFTREEVOORDELERAADGEWER / KLIËNTESKAKELBEAMPTTE

Die Fonds se Aftreevoordeleraadgewer Grant Greenfield en die Kliënteskakelbeampte Glenda Kunene is beskikbaar om te help met enige vrae wat u oor die Fonds het.

Hulle kan gekontak word by:

Grant Greenfield  
(Aftreevoordeleraadgewer)  
021 943 5300,  
of e-pos:  
[support@laretirementfund.co.za](mailto:support@laretirementfund.co.za)

Glenda Kunene  
(Kliënteskakelbeampte)  
079 918 6187,  
of e-pos:  
[glendak@verso.co.za](mailto:glendak@verso.co.za)

Die Fonds se WhatsApp-nommer:  
081 806 9959 gee lede maklike  
toegang om doeltreffend met die  
Fonds te kan kommunikeer  
gedurende kantoorure (08:00 tot  
16:00, Maandag tot Vrydag).



Trustees: Mnr J Jacobs (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Mnr SF du Toit |  
Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Rdl WR Meiring | Mev SLC Petersen | Rdl S Philander  
Hoofbeampte: Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei | 7536 | Belmont Office Park | Twiststraat | Bellville | 7530

WhatsApp 081 806 9959 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | E-pos [support@laretirementfund.co.za](mailto:support@laretirementfund.co.za)  
[www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za) | <https://www.facebook.com/LARetirementFund> | Fondsregistrasienommer 12/8/1278